STABILIS S

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary

JAARGANG / VOLUME 45 · NO 3

Oktober / October 2011

Beste skoolkoerant in Suid-Afrika in 2011 · Best school newspaper in South Africa in 2011



# Classic College die beste ooit

## Hoogtepunt op die Grey-kalender stel nie teleur nie

Gaskunstenaar en oud-leerder, Steve Hofmeyr het weer vanjaar deel gevorm van die musiekfees . Foto: Verskaf

Soos die meeste aktiwiteite by Grey in Augustus tot 'n "skynbare" einde kom, is die Grey Musiekfees jaarliks dié hoogtepunt. Die gaskunstenaars vir 2011 was Steve Hofmeyr, oud-Grey, Jennifer Jones, Grammy-genomineerde sangeres en Charl du Plessis, pianis en oud-Grey.

Die kunstenaars het 'n unieke atmosfeer geskep en vir die eerste keer in 'n baie lang tyd het die program iets vir jonk, oud, konserwatief en modern gehad. Me Elsje Blair, wat die fees bygewoon het, sê daar was nie 'n mens in die teater wat nie 'n traan in die oog gehad het nie.

Die Donderdagaand se kleedrepetisie is as 'n liefdadigheidskonsert aangebied.

Die laaste vertoning was vir elkeen op die verhoog, elkeen in die gehoor en elke ander oudleerling 'n skok - 'n emosionele oomblik met die besef dat dit mnr. Johan Volsteedt se tweede laaste Grey Kollege Musiekfees as skoolhoof was.

Die hele jaar se oefening en insette van al die musiekgroepe vir drie vertonings is vir seker die moeite werd.

Die musiekfees is die geleentheid vir elke Grey-leerder om te wys dat hy 'n bietjie van die klassieke kultuur in hom het en om dit aan te gee na die "Grey in Union"-generasies wat volg.

**- Tian Nienaber**

News page 2



Lady Liberty calls out to Grey boys - and they respond by visiting her

Diepte bl 7



Tuckshop-tannie groet na 20 jaar van pouse-diens aan hongeres

Joernaal bl 9



Harry Potter - helaas - die einde van Hogwarts en kie is in sig

Sport bl 11



Tennisspelers is gemotiveerd om sukses te behaal by ABSA-toernooi




Mr Price Sport is a proud supporter of Grey Rugby

## BLITSNUUS

### Voortrekkers behaal gesogte toekenning

Twee Voortrekkers van Grey het aan die jaarlikse Presidentsverkenner-toetskamp deelgeneem.

Die seuns is op verskeie terreine voor 'n paneel van nasionale keurders getoets oor hul leierskap op verskeie gebiede. Hulle het ook voor 'n toetspaneel verskyn om die waardes van die Voortrekkers te bevestig.

Eduard Booysen en John-Henry Sinclair het met vlieënde vaandels uit die stryd getree en is as Presidentsverkenners aangewys.

Hierdie toekenning is die hoogste toekenning wat op nasionale vlak verwerf kan word, deur 'n Voortrekker tydens sy skoolloopbaan.

## IMPORTANT DATES

**24-26 October** Prefect training

**28-29 October** Cricket vs St. Stithians (JHB)

**28 October** Water polo
All teams in PTA and JHB

**29 October** Cricket vs St. Davids (BFN and JHB)

**29 October** Athletics Jim Fouché

**1 November**
Christmas Concert - Reunie Hall 18:30


**9 November**
Exams start for grade 10 & 11

**16 November**
Exams start for grade 8 & 9

**29 November** All exams end

# Grey College goes green

## Trendsetting school treading lightly on Mother Earth




In a global sense, energy usage in schools is astronomical. Studies have shown that more than 45% of a school's electricity bill comprises lighting and of that, more than half is due to lights being left on unnecessarily.

Grey has partnered with Dynamic Lighting and Shading Solutions CC, a Cape Town-based company, in an experiment to determine just how much energy can conceivably be saved with a new technological development- and Mr Gawie Grobbelaar's classroom is where the spotlight is focused.

Mr Eddie Scholtz, an old-Grey and director of DLSS told Stabilis that any great change needs to start somewhere - and what better a place than Grey College.

The "green fittings" are estimated to save, on average, 40% of current energy usage - an excellent example for all to follow. The equipment in question is a new technology developed by Lutron, a home automation company in the USA. Conventional switches are being replaced with occupancy and ambient light sensors, designed to turn off light when there is enough natural light present. In addition, the current light fittings are being replaced with more energy- efficient ones.

We asked Mr Volsteedt's opinion on the project, and he feels as follows, "I am very pleased that Grey is becoming energy-conscious, and also that an old Grey, Eddie Scholtz is involved".

A control is needed… regular energy usage in Mr Alex Els's classroom is also being monitored to ensure there is a baseline against which to measure the potential economisation. Mr Els is also positive about the project and its slogan "Grey College goes green," and he says, "I am delighted. If we can take the lead, others will soon follow suit". Grey is truly setting an outstanding example, and Mr Volsteedt speaks for all in saying, "We hope to see many schools following this example".

**- Jarryd Scholtz**

# Wêreldbeker-koors laat baie boeke afskuif op belangelys

Die grootste uitwerking van die Wêreldbeker Rugby-kompetisie op die eksamen was die algemene opgewondenheid, feestelikheid en afwagting wat dit vergesel het. Dis 'n groot gebeurtenis wat slegs elke vier jaar plaasvind, dus was die hele atmosfeer rondom die kompetisie intens en aansteeklik.

Hierdie opgewondenheid het noodwendig veroorsaak dat die kinders se aandag verdeel is, en hulle nie net op hulle skoolwerk kon fokus nie. Daar was feitlik daagliks uitslae en dan weer volgende uitdunrondtes waaroor gesels en bespiegel moes word.

Daarbenewens is baie van die wedstryde in die week gespeel. Uit die aard van die saak het kinders - en hulle ouers en dikwels die hele gesin - daarna gekyk, en dus nie so baie tyd voor die boeke deurgebring soos hulle onder normale omstandighede sou gedoen het nie. En dis mos moeilik om na so 'n wedstryd te kyk en daarna weer te gaan leer; veral as die span wat jy ondersteun dalk gewen het.

Die feestelikheid rondom die WBR het selfs oorgespoel na die skool toe, want die hele skool het in die saal na die wedstryd tussen Suid-Afrika en Namibië gekyk. Om agter die boeke te moes inskuif na sulke intense emosies van opbou, spanning en verligting, was byna onmoontlik. Jason Pienaar, Gr 10-koshuisleerder, sê: "Ek moes myself regtig dissiplineer om te konsentreer op dit wat ek moes leer. Dit was baie moeiliker as gewoonlik om my gedagtes by my boeke te bepaal."

**- Reinhard Arndt**

Supporter of Grey College


FNB
First National Bank

Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd

Supports Grey College Sport

Coca-Cola Fortune




# Grey invasion overpowers America



Klaus Hanssen, Dianno Baatjies and Matthew Wilken with Mr Volsteedt. **Photo: Sinclair Duckitt**

In June 2010 and June 2011 Grey students Matthew Wilken, Dianno Baatjies and Klaus Hanssen, all in Grade 11, hit the American shores for a 2 week programme. This was thanks to the leadership initiative People to People, which aims to develop and encourage soon-to-be-leaders in all countries.

All three learners describe the course as "the best experience of our lives". They travelled to New York, Pennsylvania State and Philadelphia, and this is what Dianno had to say, "These were the best times of my life thus far."

They visited Liberty Island, Wall Street, Times Square and even Harvard University, where legends such as John F. Kennedy and Barack Obama made history. Klaus said, "It made me realise that we are only a small part of the world, and being at Harvard University - which has such a big reputation - made it much more special".

"We've learned a lot about leadership in the broad sense of the word." This is what Dianno had to say when they were asked about the course. One of the memorable things that stood out for him was the liberty and fearlessness that Americans seem to have.

**- Neo Maphakisa**

LATE NEWS

## Debaters perform well in competition

It is very obvious that any cultural discipline thrives on competition, and each competition is viewed as an opportunity for learning from others.

Earlier this year, a group of 14 Grey debaters travelled to Welkom to participate in the Free State provincial championship held at St. Dominics school.

After a weekend of constant preparation and 3 debates per day, six Grey debaters were selected for the Free State senior- and junior teams, and David Thomas was chosen as captain of the Free State team.

Competition was tough, with participating schools such as St. Andrews, St. Michaels, Eunice, Welkom High School, St. Dominics and Welkom Gymnasium. All our senior debaters were placed in the top 10 for the Free State - a very worthy achievement.

The Free State team then also competed in the national competition held at the Technical High School Louis Botha, where our learners acquitted themselves well. According to Nkahiseng Ralepeli in grade 9, "The competition's value lies mostly in the fact that it is an unbeatable learning experience".

**- Faiq Fredericks**

# Ruling party considers passing bill in protection of state information

## Hear no evil, see no evil, speak no evil - is this the future of media freedom?

Local political parties gathered in parliament to debate the controversial bill protecting state information.

The committee thought that the bill fails public interest and that it would not protect those who exposed fraudulent activities, but the ANC caucus, however, proclaimed that the bill would be used to eliminate espionage and corruption. Critics called it "a weapon used to prosecute whistle-blowers," as it would alienate investigative journalism and freedom of speech.



Will media representatives be reduced to powerless monkeys? **Photo: Henry Galloway**

The media and opposing parties threatened that they will take this matter to the constitutional court if the bill were passed. The South African National Editors Forum stated that the bill posed a danger to democracy. The bill restricts documents that could violate the constitution and sabotage national security..

"The media voice needs to be heard but the government needs protection", said Claudio Achadinha (grade 12). Article 9 of the African Commission on Human and Peoples' Rights (ACHPR) states that citizens have the right to receive information and also freedom of expression, but organisations have stated that if the legislation is signed, the bill will limit the citizens' right to information.

**- Vuyani Ndzishe**

# Personeel word deur kenner aangemoedig om uit die boks te dink

Die vinnig veranderende wêreld is gewoond aan spoed en aksie.

Onderwysers en leerders is blootgestel aan druk om te presteer, resultate te lewer, om meer met minder te doen en om 'n toenemende werkslading te bestuur. Dit is die mening van dr. Kobus Serfontein, uitvoerende hoof van Menslike Hulpbronne by PSG Konsult en dosent aan die Universiteit van Stellenbosch se Besigheidskool (USB). Sy navorsingsgebied is Leierskap en Veranderingsbestuur, Mensebestuur, Opbou van Mensekapitaal en Prestasiebestuur by die USB.

Dr Serfontein het Grey se personeel, op 14 September 2011, toegespreek. Mnr Johan Volsteedt het Grey-personeel by die seminaar betrek, waar hulle toegerus is met vaardighede om "uit die boks te spring" en nuut te dink. Tydens die seminaar, met die hooftema, "Strategiese leierskap en prestasie", het mnr Volsteedt die hoop uitgespreek dat dit die personeel sou motiveer om steeds te groei, en nie elk binne sy eie "silo" te leef nie.

Terugvoer van die onderwysers was uiters positief. Mnr André Bester, het soos meeste onderwysers opnuut die waarde van 'n gebalanseerde lewe besef en gesê: "Ek het geleer het dat 'n mens nie moet vaskyk in jou eie manier van dinge doen nie."

**- Luan Reynders**

## Skoolrugbykontrakte nie altyd in almal se belang nie

Grey spog met 'n rekord van 30 SA Skolespelers sedert 1999 en 12 onoorwonne rugbyseisoene vanaf 1981. Kan kontraktering, wat nou sy verskyning in skolerugby gemaak het, dit dalk verander?

Dertien van vanjaar se eerstespan rugbyspelers is gekontrakteer nl.: Neethling Fouché, Nicolaas Immelman, Jan Serfontein, Dries Swanepoel, Lenéve Damens, Ruwellyn Isbell; almal by die Blou Bulle en Rudolph Botha,Tienie Burger, Francois Pretorius, Jacques du Toit, Gerhard Olivier, Jannie Strumpher en Hennie-Schalk Theron, almal by Vrystaat.

Mnr Ingo Machts, hoofafrigter van die eerstespan, beskou die kontraktering van spelers op skoolvlak as 'n euwel. Hy voel dat spelers soms fokus verloor en dat hulle soms nie lojaal teenoor die skool bly nie. "Spelers word op so `n jong ouderdom teen mekaar afgespeel, al is hul soms in dieselfde span," aldus mnr Dries van der Wall, adjunkhoof en bestuurder van die eerstespan.



Afrigters nie rasend-gelukkig oor kontrakte nie. **Foto: Sinclair Duckitt**

Kontraktering is deel van die professionele era en mnr Van der Wall dink dit moet in samewerking met die skool gedoen word; dit sal tot voordeel van die skool, unie en speler wees. Ruwellyn Isbell, eerstespan-vleuel is kontrakte by Vrystaat, Blou Bulle, Leeus, Haaie, EP Kings en Springbok Sewes aangebied. Hy het besluit op die Blou Bulle en die Sewes.

Ten spyte van die kontraktering van die spelers was Grey die jaar onoorwonne. Mnr Machts skryf dit toe aan die span se deursettingsvermoë en die feit dat hulle gefokus gebly het.

"By Grey het ek geleer om nooit op my louere te rus nie, om innoverend te dink en om altyd nederig te bly,want almal meet hulself teen ons," meen Isbell.

Kontrakte het gekom om te bly, maar selfs dít sal Grey-rugby nie van stryk bring nie.

**- Luan Reynders**



# Bless the ship and all who sail away

## Nautical theme for matric farewell symbolises departure from safe harbour




The grade 12 Mathematical Literacy group with ms Heleen Cronjé celebrate the evening in style. **Photo: Supplied**

The matric farewell was as always the epitome of elegance.

The nautical theme was a perfect backdrop to the outfits and the mood of the evening. A marquee tent was erected in the parking lot outside the Pavilion, and the scene was set for figurative departure from the safe harbour that is Grey College.

Guests of honour were Robert Ebersohn, Richard Harris and Zane Botha - the school captains of 2007. In a very forthright speech, Robert said, "Now is the time to get to know yourself and to make mistakes".

The matrics also felt that it was a wonderful evening and Melo Mtombeni summed it up well when he said the following, "Looking around me and seeing all my matric friends around me, knowing it is possibly the last time that we will spend time together made the evening that much more significant".

**- Neo Maphakisa**

## KORTNUUS

### Jong Einstein dalk 'n moontlike redder vir Afrika se energiekrisis

Neil Bezuidenhout in graad 9 het onlangs deelgeneem aan die Expo vir jong wetenskaplikes. Hy het goud verower met sy besondere projek oor bekostigbare sonverhitting.

Sy ondersoeke het behels dat hy omvattende behoeftebepalings moes maak, en ook vas te stel wat die goedkoopste manier sou wees om hierdie doen-dit-self metode van sonverhitting aan te pak.

Onder die bekwame leiding van me Marlene Stoltz het Neil verskeie Skeinatbeginsels toegepas en getoets. Hy het gebruik gemaak van beskikbare middele soos swart vullissakke en plastiek koeldrankbottels, en die water onder verskillende omstandighede en vir verskillende tydperke in die son verhit.

Die eksperimente is merendeels in die somer gedoen, en in die warm Afrika-son was die resultate duidelik waarneembaar.

Hy het ook 'n toekenning van Eskom ontvang en in die Septembervakansie het sy projek 'n silwermedalje op nasionale vlak behaal.

Neil is geïnspireer deur die idees en teorieë waaraan hy blootgestel is by die nasionale Expo en beskryf dit as 'n uiters waardevolle ervaring waarop hy net verder kan voortbou in die toekoms.

**- Faiq Fredericks**

# Two teachers take drastic steps to increase their personal empires

On 14 September, Mr Naresh Mahabeer proposed to Ms Zilke Meyer in the tennis clubhouse. The couple had been together for almost a year before the proposal. Mr Mahabeer spent that afternoon redecorating the clubhouse for what would be a very romantic dinner with his new fiancée.

As he got down on his knee to propose, Ms Meyer started crying and took a moment to respond and accept his proposal. Mr Mahabeer had tricked Ms Meyer into going to the clubhouse by taking a phone call from Mr Juan van der Berg who told him that the clubhouse doors were unlocked. Mr Mahabeer then simply asked his lady to walk with him, so he could "lock the doors".

The wedding is set for 17 December, with an English wedding theme. Mr Mahabeer says the engagement ring was purchased in Abu Dhabi and she had not seen it until he proposed to her, as they had decided to keep the ring as a surprise.

On the other side of the high school, Mr Putu Pretorius and his wife Eunice have a new-born son, Willem Wentzel Pretorius. This baby boy was born on 16 September this year and is very healthy...and also the pride of his grandmother, Ms Louise Pretorius. We asked Mr Pretorius how he felt about having a baby boy and he says he is very proud. We also asked what he would want his son to be later on in life and Pretorius replied, "Anything, as long as he is happy, healthy and well-educated".

We congratulate these great teachers and wish them all the best.

**- Fundile Khoza**



Mr Naresh Mahabeer recreates the 'bravest' moment in his life. **Photo: Sinclair Duckitt**




Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide

# Graad 11 leerders sien uit na die uitdaging van 2012

Die graad 11-klas van 2011 is slaggereed om die uitdagings wat die opkomende matriekjaar kan bied, aan te pak. Met die nuutverkose leiers in beheer, is alles in plek vir 'n buitengewone jaar in 2012.

Gedurende die afgelope week is die nuwe leiers vir 2012 aangekondig. Die verkiesingsisteem het die jaar effens anders as in die verlede verloop in die sin dat die onderwysers ook 'n sê gehad in die verkiesing van prefekte. Die hoofleiers is egter steeds deur slegs die graad 11- en 10-leerders verkies.

Die jaargroep se termyn as matrieks het sleg begin toe die seuns oproerig opgetree het tydens die afskeidsfunksie van 2011 se matrieks. Die leerders is egter goed vermaan en die volgende saalbyeenkoms het volgens Mnr Volsteedt, heelwat beter verloop.

Die groot vraag oor die jaargroep bly egter hoe die drinkers en rokers in die graad behandel sal word. Die jaargroep van 2012 is berug vir hul "name-and-shame criminals" en hulle sal moet hard werk om 'n positiewe voorbeeld vir die res van die skool te kan stel. Sebastian Greeff, een van die nuwe prefekte het gesê: "Ons as prefekte is van plan om proaktief op te tree en om die probleem in die kiem te smoor, eerder as om met straf op te tree."

Die prefekte vir 2011 is gereed om die dissipline van die skool, wat 'n effense swak jaar beleef het, te verbeter en om slegs die hoogste standaarde te handhaaf. Leerders is gewaarsku dat stokkiesdraai nie in die komende jaar geduld gaan word nie, en die prefekte werk hard om die positiewe gesindheid teenoor die skool lewendig te hou.

**- Christiaan Gouws**

# Waste money on psychotherapy - or just listen to the B Minor Mass

## The GCB String Project enriches the lives of many a young musician



Ms Joanie Prinsloo showing the String Project how to master the violin. **Photo: Tian Nienaber**

There are no illusions regarding the beneficial effects of music. Studies on the subject by have been done by several institutions including the German Research Ministry and the University of Toronto, and all these studies have proved music to be beneficial to both mental and physical wellbeing.

Music releases pain-counteracting endorphins in the body and has been shown to stimulate cognitive brain functions such as reading, reasoning and mathematical aptitude. Music can also improve concentration and attention span.

Research conducted in Finland proved that music can also be used as a recovery enhancer for stroke patients. Patients who were subjected to a few hours of music each day showed a more speedy recovery in both verbal memory and attention span than those who had not received any form of musical stimulation.

With these concepts as motivation, the Grey College String Project was founded in November 2010 by Ms Celeste Venter, Ms Joanie Prinsloo, a music lecurer at the UFS, and Tian Nienaber, a Gr. 11 student at Grey. Tian says, "The string project has improved and so has their personalities developed through music. Their perseverance is admirable."

The goal was to make music more accessible by providing free violin lessons to those willing to learn, but who do not have the funds for formal tuition. "We can hardly give them any individual lessons," says Ms Prinsloo. "We teach them in one big group so that they learn certain fundamental skills, like playing with other musicians. It also gives them an opportunity to make friends and have a lot of fun doing so. Some of them are even inspired enough to take up an additional instruments to master."

They have performed live on various occasions, including at Oprah Winfrey's reception of her Honorary Doctorate at the Free State University, and alongside Colourblind and the Grey Ensemble at the 2011 Music Festival.

The Department of Education held a instrumental festival on the 15th of October where the String Project awed the audience with their performance of Michael Jackson's ever popular *Black or White*. They plan to perform at the Macufe Festival 2012.

The Grey Christmas concert will be held on the 1st of November 2011 in the Grey College Reunie Hall where the String Project will be part of the mass orchestra that will accompany the yearly Christmas carols.

"Before the String Project, music was just a form of recreation to us," say Kagiso Motsemme and Khotso Khokho, two grade 9 learners at Grey and members of the Project. "Now that it has become part of our world, we experience a lot of things differently. People should see how good it actually is."

Be sure to look out for this group in the future.

**- Joshua Stevens**

## STACCATO

### Cruel practices used to benefit Castrati



Castrati Choir **Photo: Supplied**

Very little is known about one of the most fascinating, yet cruellest practices followed from the 17th to the early 19th centuries in Italy-for the sake of music

Castrati were boys who had voluntarily given themselves at a very young age to be castrated, for the sake of achieving fame as opera singers later in life. This new hormonal condition caused cancellation of normal physical and sexual development during puberty, meaning that their high-pitched voices would be preserved permanently through both their teenage and adult years. They would then be shipped off to renowned music schools, where they would receive rigorous vocal training in order to get their voices prepped and ready for performance during their early teens.

Castrati were immensely popular during the 1720s and 1730s and were usually cast in female roles in opera, due to the fact that they could reach notes that normal male singers could not. Certain operas required roles to be filled by only castrati. These include: Monteverdi's Orfeo (1607) and Meyerbeer's Il Crociato in Egitto (1824).

When Italy became a new state in 1861, it prohibited the castration of young boys for operatic purposes, and so the Era of Castrato drew to a close.

**- Joshua Stevens**

## Musiekdepartement bou 'n muur van herinneringe



Grey se koor tree op tydens vanjaar se nasionale ATKV-Applous koorkompetisie. **Foto: Verskaf**

Die kwartaal het op 'n hoë noot afgeskop toe die Grey-marimbas, Ensemble en String Project genooi is om by Oprah Winfrey se doktorale gradeplegtigheid in die ontvangs te speel.

Die Grey-koor het aan die ATKV-kompetisie deelgeneem. Die koor het in Mei goud ontvang vir die meer ervare afdeling in die Vrystaatstreek en deurgedring na die finaal in Julie by die UNISA-kampus in Pretoria. Hier het Grey vir die eerste keer, met 86%, goud ontvang en 'n vyfde plek behaal.

Dit is eens dat 2011 'n jaar van perfeksie in Grey Kollege se musiekdepartement was en dat die departement so sal voortbou om mure van herinneringe te bou.

**- Tian Nienaber**

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za




# "Wees jy die verandering..."

Die gees onder die gr.11's is elektries. Elke lid van 2012 se matriekspan is reg om leiding te neem, om bo alle verwagtinge uit te styg en om matriekvoorregte met albei hande aan te gryp.

Die vierde kwartaal by Grey is egter ook een van gemengde gevoelens en nuwe uitdagings. Die matriekklas van 2011 moet afskeid neem van hul geliefde skool; nostalgie tree in en hulle wonder soms, 'wat as'. Die aanbreek van die somer dui ook aan op 'n nuwe sportseisoen - die fokus word nou geplaas op atletiek, krieket en swem. Maar die belangrikste is beslis die opmars van die gr.11's tot leierskap.


Die verrassings wat hulle gaan lewer, sal sekerlik nie net positief wees nie. Daar sal altyd matrieks wees wat nie weet hoe om hul gesag te hanteer nie – wat wraak sal wil neem op jonger seuns weens die wraak wat op hulle geneem is toe hulle pas in die hoërskool gekom het.

Daar sal ouens wees wat 'n swak voorbeeld sal stel, op en weg van die skoolterrein, en dit dan met hul dasse sal skoonvee, eerder as om die laer grade op te bou en voor te berei vir wanneer hulle eendag in daardie skoene sal staan. "When the occasion demands it, a Grey boy always comes up to scratch."

Dit is die verantwoordelikheid van elke speler om 2012 se span so sterk moontlik te maak, en Grey-seuns bewys hulself gereeld as waardig om nuwe uitdagings te hanteer. Elke speler moet die verandering wees wat hulle graag in die span wil sien.

Van spangees gepraat: Soos almal weet, het sport 'n groot invloed op die bywoningsyfer van leerlinge op sekere skooldae. Deesdae verg dit egter heelwat minder as 'n interskole-byeenkoms om daardie getal negatief te beïnvloed. 'n Mens vergeet dat wat by die skool aangaan, nie werklik saak maak wanneer klasbywoning en uitkomtye gerespekteer moet word nie.

Nog 'n aspek waaraan aandag gegee moet word, is die vervlakking van goeie maniere en tradisies - soos om vir 'n graad 12 leerder op te staan, of om 'n verbygaande onderwyser in die oë te kyk en te groet. Dit is ligte musiek soos dié wat uiteindelik die verskil maak.




BRIEWE/MAIL




## Jennifer Jones awed by Grey boys' talent

Our sincerest thanks to you and all involved with the annual Grey Music Festival for considering and booking Jennifer Jones as one of your performing artists. What an amazing experience this event was. We can without doubt assure you that this event was the highlight of our year and it will take a lot to top it.

Grey College boys: It is because of you that the show exist. You are the show! Congratulations and thank you. You are an amazing group of dudes. Jennifer absolutely loves you and in her own words "I cannot believe that each and every boy sings on key - not one false note". It takes a lot to make Jennifer stand speechless and wide-eyed. You may stand tall and be very proud! A very special thank you in closing: A school singing happy birthday to Jennifer over the phone: Priceless.

***Leon Joubert (Manager)***

Redaksielys 2011

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Phil Boshoff
**Subredakteur: Nuus**
Faiq Fredericks
**Subredakteur: Sport**
Helgard Claassen
**Subredakteur: Diepte**
Dianno Baatjies
**Subredakteur: Joernaal**
Matthew Wilken
**Subredakteur: Kultuur**
Tian Nienaber

**NUUSREDAKSIE**
Neo Maphakisa
Christiaan Gouws
Jarryd Scholtz
Vuyani Ndzishe
Reinhard Arndt
Luan Reynders
Luan Nel
Fundile Khoza

**SPORTREDAKSIE**
Jan Willem Ras
Armand Pretorius
Pieterjan Eloff
Donovan Edeling
Jason Long
Julius Zerwick
Berno Maarsingh
Frans-Hendrik Badenhorst

**DIEPTEREDAKSIE**
Willie Kotze
Malan Bosman
Daniel Steenkamp
James Parsons
Keorapetse Matshele
Louis Schoonwinkel

**KULTUURREDAKSIE**
Joshua Stevens
Paul Loeb van Zuilenberg

**JOERNAALREDAKSIE**
Stephan Janse van Rensburg
Pieter Michau

**KUNSTENAARS**
Casper Schutte


**FOTOGRAWE**
Sinclair Duckitt
Henry Galloway
Kempen Higgo
Hanno du Preez

# Six Cokes met Reynard Wessels

## SA swemmer gebruik aggressiewe musiek tot sy voordeel in die water



Phil Boshoff geniet 'n Coke saam met die blits-swemmer, Reynard Wessels. **Foto: Hanno du Preez**




*Watter swemmer inspirer jou die meeste?* Michael Phelps

*Waarom?* Oor alles wat hy bereik het deur harde werk. Ek weet min of meer hoe dit voel om so hard te werk.

*As jy al daardie ure in die water is, waaraan dink jy?* Die meeste van die tyd praat ek bietjie met die Here. Ek dink ook waarheen ek werk en konsentreer daarop.

*Hoe het dit gebeur dat jy begin swem het?* Ek was baie bang vir water toe ek nog klein was, maar eenkeer toe ek 4 was, terwyl my sussies geoefen het, het ek net ingeduik en begin swem.

*Wat sal jy doen as jy om die een of ander rede nie meer kan swem nie?* Jis, dit sal moeilik wees, maar ek sal in die sport wil bly - soos om af te rig of iets.

*Wat is jou mikpunte?* Op die oomblik is al my voorbereiding gemik op die Olimpiese Spele volgende jaar, en om daarvoor te kwalifiseer.

*As jy enige onderwyseres in die skool op 'n 'date' kan vat, wie sou dit wees?* (Laggend) Moet ek dit antwoord? Nee wag, 'skip' maar daardie een!

*Watter aspek van oorsese galas is vir jou die lekkerste?* Die ervaring wat ek kry, en om te sien wat ander lande doen, en watter voordele hulle het teenoor ons.

*Wat doen jy om jou voor te berei voor 'n spesifieke nommer?* Ek luister na rowwe musiek. Dit maak my aggressief…wat ek seker dan in die water uithaal.

*Hoe hou jy by met jou akademie as jy so baie weg is op toere?* Dit is moeilik. Ek is nie baie gemotiveerd vir skoolwerk nie. Dis vir my 'n bysaak.

GESKIEDENIS

### Grey Kollege 30 jaar gelede

In 1981 is mnr MG Heyns vir die tweede jaar skoolhoof van Grey Kollege. Hierdie jaar kan beskou word as een van die grootste boujare by Grey.

Op 2 Junie kon die skoolhoof die herboude prinsipaalswoning betrek. Op 7 September kon die Murrayhuis-seuns weer in hul eie koshuis intrek nadat die restourasieproses afgehandel is.



Mnr MG Heyns

1981 was 'n besondere jaar op sportgebied. Die onoorwonne eerste rugbyspan lewer vir die eerste keer in die skool se geskiedenis ses SA Skolespelers in een jaar op. Die atlete presteer puik op alle byeenkomste en wen 'n internasionale junior kompetisie in Salzburg. Stabilis word vir die tweede keer (die eerste keer was in 1978) aangewys as die beste skoolkoerant in Suid-Afrika.

# Tuckshop-tannie sê totsiens na 20 suksesvolle jare agter toonbank

## Bekendste sinkgebou in Bloemfontein kom al 'n baie lang pad

Me Hilda Rudd en die Tuckshop is al vir die afgelope twee dekades sinoniem. Me Rudd het besluit om einde November 2011, na 20 suksesvolle jare as Tuckshop-bestuurder, af te tree. Sy was sedert 1979 vir 13 jaar lank 'n onderwyseres aan Grey Primêr en het daarna die Tuckshop-bestuurderspos (ná me Allibone) sedert Januarie 1992 beklee.

Me Rudd sê Grey het tot vele verrykende lewenservaringe bygedra. Hier het sy haar man, mnr Herman Rudd (adjunkhoof by Grey Primêr) ontmoet. Hulle woon die afgelope 31 jaar in Murrayhuis en hul seuns was Grey-skoliere. Haar toekomsplanne is om rustig te verkeer, haar tuin te geniet en te lees. Haar jaarlikse hoogtepunt was wanneer die Azaleas voor die Tuckshop geblom het.

Tristan van der Spuy (graad 10), wat op die Tuckshop-komitee dien, sê: "My voorstel vir die nuwe bestuur is om die geselligheid en atmosfeer te behou".



Me Hilda Rudd was vir 20 jaar 'n welkome gesig vir baie honger seuns. **Foto: Hanno du Preez**

Me Rudd beskryf die Tuckshop se karakter as uniek, eiesoortig en besonders. Die oorspronklike sinkgebou is vermoedelik opgerig as 'n hospitaal in 1902 tydens die Anglo-Boereoorlog en was aanvanklik geleë naby die huidige Meisieskool Eunice.

Sedert 1906 was dit bekend as die Tuckshop en is die gebou in 1907 ook as isolasie-hospitaal gebruik. Die totstandkoming van Eunice aan Grey se suidelike grens het byna die einde van die Tuckshop beteken. Lojale Oud-Greys het egter met 'n fondsinsameling tot die redding gekom.

Met die hulp van Oud-Grey argitek, Evert Kapp, is die gebou sink vir sink verskuif na die huidige terrein langs die Fischer-tuin. Die gerestoureerde Tuckshop is op 11 Mei 1984 ingewy en in 1986 as een van Grey se vyf monumente verklaar.

Me Rudd is onafskeidbaar deel van hierdie indrukwekkende geskiedenis. Die Tuckshop sonder me Rudd sal nooit weer dieselfde wees nie.

**- Daniël Steenkamp**

## Kunsmatige tradisies voeg nie waarde tot skool nie



'n Tradisie soos opstaan vir personeel en besoekers behoort nie moeite te wees nie. **Foto: Henry Galloway**

Daar word geen geheim daarvan gemaak dat die gedrag by jongmense aan't verander is nie; ongelukkig in 'n negatiewe sin. "Dit wil voorkom asof tradisies op die afdraende pad is, maar as ons die seuns weer daarop attent maak, sal dit verbeter," meen die skoolhoof, mnr. Johan Volsteedt.

Mnr. Pieter Wessels, 'n onderwyser, meen dat dit aan die volgende toegeskryf kan word: "Baie seuns dien nie meer die skool nie - hulle het te belangrik geword." Die probleem word ook deur baie leerlinge raakgesien.

Volgens Meyer Steyn, 'n gr. 10-leerder, is die gedrag van leerders onaanvaarbaar. Me. Aletta Bosman, 'n ouer van die skool, het die volgende te sê: "Die goeie maniere van Grey-seuns is steeds opvallend. Die meerderheid groet nog steeds spontaan."

Enkelinge, wat 'n tekort aan respek vir andere en die skool toon, skep dus 'n swak indruk namens die skool. "Moenie as die wêreld iets versaak, daaraan meedoen nie," meen me. Lettie Van Wyk. Me. van Wyk sê verder dat onderwysers en prefekte dié voorbeeld moet leef. Mnr. Wessels meen dat meer klem op die redes vir tradisies en goeie maniere gelê moet word. "Dit gaan glad nie oor uiterlike vertoon nie," sê hy.

Tradisies en goeie maniere word hoog geag by Grey, ook die gesogte "Grey-shake". "Dit onderskei ons van enige ander skool en is deel van die wesenlike van Grey," sê mnr. Volsteedt. Daar is die afgelope tyd kommer uitgespreek aangaande dié groetvorm.

Soos wat mnr. Volsteedt dit stel: "As ons dit (die "Grey-shake") en goeie maniere verander, moet ons die skool se naam ook verander!"

**- Malan Bosman**

## Kies jou vakke en kry klaar

'Daar is te veel vakveranderings'

Gedurende die 2011 skooljaar het gesamentlik meer as 60 leerders in graad 10 en 11 van hul vakke verander. Dit is 'n syfer wat die afgelope paar jaar toegeneem het.

'n Graad 10-leerder wat anoniem wil bly, het van Rekeningkunde en Besigheidstudies na Biologie en Skeinat verander. Hy sê: "Ek kon net nie sien dat ek daardie vakke tot in matriek sou deurkom nie. Ek wou vakke neem wat ek geniet en waarin ek belangstel."

Phil Boshoff, 'n gr. 11-leerder, met vakke wat onveranderd bly, bevestig: "Ek was bevoorreg genoeg om klaar te weet wat ek wil doen, so my studierigting en die kriteria vir keuring het 'n rol gespeel in my vakkeuses."

Daar is besluit om hierdie jaar met 'n nuwe poging te begin. Die plan is om voorligting aan die graad 9-leerders te verskaf. Onderwysers verduidelik aan die leerders wat elke vak behels en die rigting wat die vak neem, voordat hulle vakke kies. Volgens Phil is dit 'n stap in die regte rigting, en hy sê: "Ek het met 'n paar onderwysers gepraat oor die eise van sekere vakke voordat ek my keuse gemaak het."

Wenke vir vakkeuses van ander leerders behels: toets jou aanleg (ken jou vermoëns); dink oor jou toekoms (studierigting, beroep); doen navorsing oor jou toekomsplan (vereistes); belangstellings (dit wat 'n aanlegtoets nie kan wys nie); gesels met onderwysers en leerders wat die vakke het en laastens, groepsdruk moet nie jou keuse beïnvloed nie.

Vakkeuse is 'n groot besluit wat met oorleg geneem moet word.

**- Willie Kotzé**

KFC Bloemfontein
Proud Supporter of Grey College
KFC Bloemfontein 1 (Zastron Str.) 051 447 5500
KFC Bloemfontein 2 (Curie Ave.) 051 522 0823
KFC Bloemfontein 3 (St. Andrews Str.) 051 447 4682
KFC Bloemfontein 4 (Harvey Rd.) 051 448 1430
KFC Mangaung (Cnr. Mashoeshoe & M10 Rd.) 051 435 8836
KFC Langenhovenpark (Cnr. Bankovs Blvd & Dirk Opperman Str.) 051 446 4841
so good

## Most learners regard politics and politicians as boring

Politics contributes greatly to the body that shapes the way in which a country develops. Hence, with politics playing such an essential role in the development of our country, should we students care about it?

Students from wealthier households are not that greatly influenced by the aftershocks of political actions, unlike township students, who are exposed daily to the true conditions in the country.

The result is that interest is shown in nothing but that which makes news headlines. It is subsequently expected of the township students to have a mindset totally opposite to this, but surprisingly, they do not.

Even if politics of the day play such a vital role in their lives, they too show little or no interest, sharing the near-indifference of their wealthier counterparts. What causes this lack of interest when the topic 'politics' is afforded so much attention, and is so important in their upbringing, survival, education and for their future?

Research has proven that the only part of our country's political environment found to be prominent, are the figures that represent this section - people such as President Jacob Zuma, Helen Zille, Julius Malema and Kgalema Motlanthe. What purpose does knowing who these people are serve when some of them do not fulfil their duties?

The main question has been answered - students do not care for politics.

**- Keorapetse Matshele**

# Through the looking glass

## Security system upgraded to improve surveillance



Even classes like grade 9E1 and 9E2 can be closely monitored with the cameras. **Photo: Henry Galloway**

Safety can be defined as freedom from danger, harm or loss. A close companion of safety is security, which is defined as freedom from anxiety or apprehension of danger.

The South African Institute for Race Relations' report (2008) claimed that only 23% of children felt safe in South African schools. It was also found that according to the data collected, 24% of South African schools don't have burglar bars fitted to protect school property and that a further 80% have no security systems in place. However, schools that install cameras without going through the correct legal process run the risk of exposing themselves to serious charges of violating the constitutional right to privacy.

There are regulations offering clear guidelines as to the use and maintenance of a legally admissible surveillance system of cameras in other countries, but nothing has yet been implemented in South Africa. However, our school has been following the regulations of other countries and constitutions, such as "Guidance: CCTV and schools" (2007) and "Data protection and guidance for schools" (2008).

When asked if having cameras in a classroom helps to reduce misdemeanors, Mr Johannes Tsiu (Security supervisor and controller at Grey College) said, "Yes, of course, because some children steal others' belongings and it is now possible to catch them in the act". In addition, when asked if the newer model cameras recently installed have made a difference, he answered: "Yes, they give a much clearer view of the classrooms as well as a better picture at night".

Nic Venter, a grade 12 learner and prefect provided the following opinion on the subject, "I think it is necessary. We can call ourselves gentlemen and have 98% of the boys live up to that title, but there will always be boys who look for negative attention - and with the cameras we can spot them."

**- James Parsons**

## HISTORY

### Grey College 60 years ago

In 1951 Grey College celebrated its 96th birthday under headmaster Mr JMB Faure.

The old school hospital was converted to a small hostel for a teacher, prefect and eight boys. It was named Florence Meiring House, after the wife of Mr Jock Meiring. Mr Meiring himself opened the new hostel in August 1951. At this stage the school struggled with full hostels and overflowing classrooms. More than 80 boys had to be told that there were no places for them at the school.

Grey's sport was still of a very high standard. The athletes won the



Florence Meiring House

Sol Harris trophy for the seventh year in succession. Grey also won six out of seven rugby trophies competed for. The only mishap was a second place to St Andrew's at the Inter High gala. The headmaster was of the opinion that the trophy could become more important than the game. He advocated for sport on a friendly basis.

The Friend newspaper commented as follows on Grey College: "The school has a record of which it can be justifiably proud, for it has had as pupils men who in after life have risen to the highest position in the country."







# Sonder moderne tegnologie is dit moeilik



Apple se wye verskeidenheid tegnologiese hulpmiddels is baie gewild. **Foto: Verskaf**

Selfone, rekenaars, iPods, Mxit, Facebook en BBM - alles deel van 'n leerder se lewe. Of is dit?

Navorsing is gedoen om vas te stel hoe afhanklik seuns en onderwysers van tegnologie is. Grey-seuns gebruik nie noodwendig meer van hierdie tegnologie as die personeel nie.

Aangesien hul die jongste geslag is en aan die jongste tegnologie blootgestel word, is sestien gr. 8's ondervra. Uit dié wat ondervra is, is twee baie afhanklik van tegnologie, elf gemiddeld en drie minder afhanklik. Aan die ander kant, is 100% van die onderwysers baie afhanklik van tegnologie. Onderwysers gebruik dikwels selfone en rekenaars om e-posse te stuur, vraestelle op te stel en punte te berg.

Leerders en onderwysers is ook gevra in watter opsigte tegnologie hul lewens verander. Die leerders gebruik tegnologie vir vermaak en kommunikasie terwyl onderwysers dit gebruik om tyd te spaar.

Navorsing toon dus dat leerders nie te veel staat maak op tegnologie vir hulle alledaagse doen en late nie, terwyl die onderwysers nie daarsonder kan lewe nie.

**- Louis Schoonwinkel**

# Prefect elections 2012: Is the 'new format' actually for the better?

Great responsibility comes with voting - the proof lies in the pudding




What is it about being a Grey prefect that is such a 'big deal'? Well for starters, there is probably not one boy in the school, past or present, who would ever turn down the honour of having an opportunity to wear the blue prefect tie. Being chosen as a Grey prefect is an opportunity to pass on to younger students the true value of our traditions, values and integrity. Great responsibility comes with this honour.

So how are the future leaders of our school elected?

The old system of choosing the leaders comprised that the grade 11 learners selected a shortlist. Shortly after the shortlist was created, the grade 10s and grade 11s then voted, without a public viewing of their characteristics, contributions and values.

The new system works in a similar way, in that the Grade 11 learners select a group of 50 boys to make up the shortlist. These boys then have to present their CVs to show the rest of the school how they contribute to Grey and it also gives the teachers and staff an idea of what the candidate's leadership skills are and why the learner would make an excellent leader. These CVs are displayed in the Reunie Hall for all to browse and select a worthy candidate. Shortly after this, voting takes place for the final selection.



Mr Alex Els carefully studies the Curriculum Vitaes of the prefect candidates. **Photo: Sinclair Duckitt**

It was a great disappointment for me to observe the absolute lack of interest in some quarters of the school, in the support of the new selection system this year. It is in the interest of the survival of the school's ethos that each Grey Gentleman takes responsibility and participates by choice, in the interest of their own future, the future of traditions and the integrity of Grey College. How many of us really grasp the privilege we have to be part of this school?

Do you choose to be a participant in your life – or just an observer?

Well, here is your opportunity for you to say YAY OR NAY!

What do you think - does the new system empower the voter, or do you think the old system was sufficient in its structure?

Yay would be for the new system. Nay would be for the old system.

Write your anonymous answer on a note piece of paper and drop it in the box marked "prefect selection system" in the office.

Watch this space in the next edition of Stabilis for the results of our poll.

## Harry Potter en Hogwarts-familie betower talle fliekvlooie

Ongelukkig kom alles tot 'n einde... Na 10 jaar van goëlry, towenaars en hekse kom die beroemde reeks, Harry Potter, tot 'n einde.

Die reeks eindig met die 8ste fliek, "Harry Potter and the Deathly Hallows Part 2". Die fliek begin waar Harry, Ron en Hermione opsoek is na dele van Voldemort se siel wat hy in 7 dele opgedeel het en in belangrike items gesit het. Die drie probeer dan om die items te vernietig en deur dit te doen hom dan finaal dood te maak.

Later in die fliek kom Voldemort agter wat die drie vriende probeer doen en probeer dan vir Harry in die hande kry om hom dood te maak. Harry, Ron en Hermione gaan dan terug na waar alles begin het, Hogwarts Skool vir towerkuns en heksery.

Die fliek sal waardeer word deur gretige aanhangers van die reeks asook liefhebbers van die fantasie genre. Die direkteur en sy span het dit reg gekry om die boek so volledig as moontlik te verfilm.

Van die akteurs wat vir my uitstaan is Rupert Grint (hy speel die rol van Ron Weasly). Hy het baie volwasse geword deur die reeks, waar hy begin het as 'n skaam rooikopseuntjie na een van die beste opkomende Hollywood akteurs.

Daniel Radcliffe wat die rol van Harry vertolk het in werklik sy rol ingegroei en is in die fliek weer die Harry waarvoor gehore almal al 'n sagte plekkie ontwikkel het. Saam met die uitstekende spesiale effekte maak die 'n fliek wat jy nie kan misloop nie.

**- Stephan Janse van Rensburg**

## Coldplay 'rock' Suid-Afrika aan die brand






Bon Jovi, Kings of Leon, James Blunt, U2…nee, nie eers nie…na U2 se 360 grade-optrede, bied Suid-Afrika homself nog 'n betergehalte prys, COLDPLAY! Die Britse supergroep het Kaapstad op 5 Oktober by Groenpunt stadion, en Johannesburg op 8 Okt by die FNB stadion behoorlik oorgeneem. Letterlik duisende aanhangers het aan hulle lippe gehang. Sowat 47 000 mense het vroegmiddag na die stadions gestroom, almal met die hoop om opgesweep te word deur "Fix you" asook "Yellow" se verslawende uitwerking.

Chris Martin, Coldplay se hoofsanger, het die skare aangenaam verras. Na The Parlotones die konsert geopen het, vuurwerke die hemelruim oortrek het en Chris Martin nederig om verskoning gevra het vir hul afwesigheid omdat "hulle 12 jaar moes wag vir 'n visum", het Coldplay die land betower. Groot verwagting is geskep aan die begin van die 3-uur opvoering.

Nadat Coldplay die meeste van hul nuwe liedjies gesing het, het hulle besluit om hul aanhangers 'n poets te bak. Coldplay se seremonie-meester het beweer die aanhangers is die rede hoekom hul vanaand die opvoering vroeg geëindig het…baie teleurgestelde toeskouers kon nie hul oë en ore glo nie toe die stadionligte afgeskakel is.

Na 'n paar oomblikke was Coldplay egter terug en die opvoering is afgesluit met van hul eerste en bekendste liedjies. Dit het 'n vreugdevolle atmosfeer van tevredenheid onder die 47 000 aanhangers geskep.

Met kaartjies wat gemiddeld R500 kos, het een so 'n aand omtrent R23, 5 miljoen opgelewer. Tydens hulle Suid-Afrikaanse toer het hulle ook 'n musiekvideo in die Klein Karoo en Kaapstad geskiet.

Suid-Afrika is bevonk! Ons almal glo dit en musiekgroepe soos Coldplay bewys dit.

***Bob Sands***

WE'VE GOT THE SUIT FOR EVERY OCCASION



Visit us for your complete matric farewell or wedding wardrobe

Stanwell
MENS' & LADIES CLOTHING
Krause Street • Tel. 448 0167

# Die borde brand by "Top Schools"

## Skaakspanne behaal gemengde welslae in meer sosiale sportsoort

Die SA "Top Schools" kampioenskapstoernooi is die enigste skaaktoernooi op nasionale vlak waar leerders in ouderdomsgroepe in skoolverband deelneem. Dit vind die afgelope twee jaar by ons buurskool Eunice plaas. Die span wat deur Grey ingeskryf is, het algeheel derde geëindig.

Die span het vanjaar bestaan uit Helgard Claassen, Christiaan Acho, Johan Klinck, Nicky Marais, Eduard Botha en Nickey du Toit. Die jongste speler in die groep, Christiaan Acho, het 'n loting van 1730, wat uitstekend is vir so 'n jong speler. Hy word landwyd eerste in sy ouderdomsgroep geplaas en het al bokant sy ouderdomsgroep presteer.

"Ek voel tevrede met die uitslag; ons het probeer wen, maar ons wou dit ook geniet," sê Nicky Marais, lid van die span. As daar gekyk word na die aantal skole wat deelgeneem het, was dit baie goed om 'n derde plek te behaal.

"Ons het gemengde welslae met die interskole behaal," sê me. Louise Pretorius, hoof van skaak. Die span het amper al hul teenstaanders geklop behalwe vir twee naelskraap-nederlae teen Glenwood High en Afrikaans Hoër Seunskool van Pretoria. Die jaar is op 'n besondere hoogtepunt afgesluit met 'n oorwinning oor Paul Roos Gimnasium in Stellenbosch.


'n Groot skaakbord sorg vir meer beweging. **Foto: Kempen Higgo**

Die Grey-skaakspanne het die B-, C- en E-ligas gewen, terwyl daar in die A-liga 'n tweede plek behaal is in die Bloemfontein skole-liga. "Skaak is vir my baie lekker want dit is 'n intelligente sport; dit gaan baie oor taktiek en dit help met syfervaardighede," sê Nico Daniel, lid van die B-span.

Volgens me. Pretorius kry skaak nie al die aandag van die spelers nie, omdat skaakspelers gebalanseerde Grey-manne is wat ook aan ander sport deelneem. Daar is egter hoop vir die toekoms met 'n hele paar jong spelers wat aktief deelneem en met elke wedstryd verbeter.

Dit bly harde werk en toewyding wat prestasie sal behaal. "Skaak is 'n baie sosiale sport en ek geniet dit baie. Dit is nie soos rugby wat jy net tot 30 kan speel nie; jy kan skaak speel tot jy 100 is," sê Nicky.

**- Julius Zerwick**

# Droomseisoen vir bergfietsryers kry net nie einde nie

"Die eerste bergfietsryspan het tot dusver 'n droomseisoen beleef. Hulle het uitstaande resultate behaal en Grey Kollege as een van die top bergfietsskole in die land gevestig.

Bergfietsry is die sportsoort wat die vinnigste groei in Suid-Afrika en by Grey is dit ook geen uitsondering nie. "In 2009 het ek fietsry begin afrig en daar was vyf ryers wat aan bergfietsry deelgeneem het. Aan die begin van 2010 was daar tien ryers. Hierdie getal het vanjaar toegeneem en dit lyk asof die fietsryers jaarliks verdubbel," het mnr. Juan van den Berg, fietsryafrigter en onderwyser van Grey, gesê.

Die Anatomic-skolereeks was veral aan die begin van die jaar die fokuspunt van Grey se bergfietsspan. Die eerste uitdunrondte is by Hartebeespoortdam gehou. Grey se bergfietsryers het gewys dat hulle nie vir opdraendes skrik nie en hulle het die algehele eerste plek ingepalm.

Die tweede uitdunrondte het by Rietvlei in Alberton plaasgevind. Grey het die ander 530 ryers in die stof laat byt. Hulle het weer die eerste plek verower.

Die finale rondte by Tafelkop (wat later Kotsbult gedoop is) en Naval Hill was eintlik die spesiale dag. Uit die staanspoor was dit duidelik dat die eerste plek tussen twee skole beslis sou word: Grey Kollege en Paul Roos Gimnasium. Grey het hul puik van hul taak gekwyt en het die algehele tweede plek in Suid-Afrika verower.

"Die enigste manier om so 'n prestasie te behaal, is deur harde werk en die ryers het beslis hard gewerk en geoefen. Dit verg baie wilskrag om elke weeksmiddag en Saterdae vir twee tot vier ure te oefen," het mnr. Juan van den Berg gesê.

**- Berno Maarsingh**

## RESULTS

### Grey vs Glenwood

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| First Team | won | 28-6 |
| Cherries | won | 18-9 |
| Third team | won | 71-14 |
| Fourth team | won | 72-6 |
| Fifth team | won | 106-0 |
| Sixth team | won | 100-3 |
| u/16 A | won | 70-7 |
| u/16 B | won | 67-0 |
| u/16 C | won | 59-6 |
| u/15 A | won | 49-7 |
| u/15 B | won | 63-0 |
| u/15 C | won | 57-7 |
| u/14 A | won | 33-5 |
| u/14 B | won | 71-0 |
| u/14 C | won | 73-0 |

**HOCKEY**

| | | |
|---|---|---|
| First team | drew | 1-1 |
| Second team | won | 7-0 |
| Third team | won | 3-0 |
| u/16 A | won | 4-1 |
| u/16 B | won | 2-1 |
| u/14 A | lost | 1-4 |
| u/14 B | won | 2-1 |




OUTBONUS GEMOEDSRUS HELP@OUT SPAAR
OUTBONUS SPAAR TOT 15%
**BESPARING – OP SOVEEL MANIERE...**
Is dit nie gerusstellend om te weet dat OUTsurance uit hulle pad uit gaan om jou geld op jou versekering te bespaar nie?
**Skakel ons vandag nog by 08 600 60 000 - die kans is goed dat jy ook kan spaar. Vir motor-, huis-, besigheids- en lewensversekering.**
OUTSURANCE WAAR JY ALTYD IETS UITKRY 08 600 60 000
www.outsurance.co.za
*OUTsurance is 'n trotse borg van Grey College*

# Eerste krieketspan maak amok in korter weergawe

Die afgelope kwartaal het die eerste krieketspan bewys dat hulle veral in die korter weergawe van die spel moeilik geklop sal word met hul puik vertoning by die jaarlikse St. Davids Pro20-toernooi in Johannesburg.

Hulle het in al vier hul wedstryde oortuigende oorwinnings behaal. Die uitslae was as volg: Die eerstespan wen vir King Edward VII met agt paaltjies, Pretoria Boys High met sewe paaltjies, Waterkloof ook met sewe paaltjies en St. Davids, die gasheerskool, met ses paaltjies. Dit is 'n groot verbetering op hul uitslae van die vorige jaar, waar hulle net twee uit die vier wedstryde gewen het.

Uitblinkers met die kolf was veral Andries Gous, Vasili Orros en Ruben Bouwer. Al drie hierdie talentvolle kolwers het bewys dat 'n goeie tegniek en harde werk vrugte afwerp in alle vorme van die spel.

Veral Andries Gous kan boonop terugkyk op 'n baie suksesvolle seisoen met die kolf. Hy het vanjaar in alle wedstryde meer as 1 000 lopies aangeteken.

Die SA Skole-bouler, Corné Dry, het ook tydens die toernooi bewys dat hy een van die voorste snelboulers op skolevlak in Suid-Afrika is.

Met verskeie beserings aan van die senior spelers moes nuwe en jong talent in die span gebring word. Spelers soos Carl Durow en EW Viljoen, albei graad 10-leerders, het geleenthede gekry om hulself te bewys.

Carl sê: "Dit was 'n groot ervaring om op daardie vlak te speel waar ek nog nooit gespeel het nie. Ek het besef dat mens hard moet werk om daar te kan presteer."

Die eerstespan het 'n goeie toekoms met jong spelers wat vroeg genoeg ervaring saam die ouer en meer ervare spanmaats kan bou. Nic Venter (graad 12), eerstespan-kaptein, sê: "Die span se doel vir die jaar was om die krieket op dieselfde vlak te kry as waar die rugby is en ons is op pad soontoe."

Sy advies aan die span van volgende jaar is om aan te hou met wat hulle doen, omdat hulle 'n puik voorbeeld vir die skool stel. Hulle hou die skool se naam hoog met hul skitterende oorwinnings teen sterk opponente.

**- Donovan Edeling**

### ST DAVIDS T20 KRIEKETUITSLAE

**King Edward VII**
KES: 104 vir 7
*Beste bouler:* C Dry 4 vir 32
Grey: 108 vir 2 in 8.3 beurte
*Beste kolwer:* A Gous 79
Grey wen met 8 paaltjies

**Pretoria Boys High**
Pretoria Boys High: 166 vir 3
*Beste bouler:* V Orros 1 vir 27
Grey: 167 vir 3 in 18 beurte
*Beste kolwer:* V Orros 74*
Grey wen met 7 paaltjies

**Waterkloof**
Waterkloof: 170 vir 6
*Beste bouler:* R Bouwer 2 vir 21
Grey: 172 vir 3 in 19.1 beurte
*Beste kolwer:* A Gous 85*
Grey wen met 7 paaltjies

**St Davids**
St Davids: 140 vir 8
*Beste bouler:* E Viljoen 2 vir 10
Grey: 142 vir 4 in 16.2 beurte
*Beste kolwer:* V Orros 44
Grey wen met 6 paaltjies

# Derde kwartaal dien as uitstekende voorbereiding vir tennisspan

## Jong spelers verbeter met elke wedstryd en beloof baie vir die toekoms

Die derde skoolkwartaal was gekenmerk deur 'n baie besige program vir Grey se tennisspelers. Hulle het aan verskeie Interskole-wedstryde deelgeneem en was blootgestel aan hoogs kompeterende tennis. Dié besige tydperk kan gesien word as 'n "fase van voorbereiding" vir die Grey-ABSA Tennistoernooi aan die begin van die vierde kwartaal.

Hierdie gesogte skole-tennistoernooi wat deur Grey, in samewerking met ABSA aangebied word, is een van die hoogtepunte van die jaar op die Grey tenniskalender.

Dit is egter 'n baie moeilike toernooi waaraan nog sewe van die land se topskole nl. Paul Roos Gimnasium, Paarl Boys High, Afrikaans Hoër Seunskool in Pretoria, Pretoria Boys High, St. Stithians, Kearsney College en Hoërskool Waterkloof gaan deelneem.

Volgens mnr. Naresh Mahabeer, hoof van die tennis, is hierdie jaar se tennisspelers 'n besondere groep jong spelers met 'n sterk spangees en hy voorspel dat hulle baie goed sal vaar in die toernooi.

Die tennisspelers het aan verskeie Interskole-wedstryde deelgeneem en hulle baie goed onderskei tussen jong opkomende tennisspelers. Die eerstespan het oorwinnings behaal teen onder andere Duineveld 9-0, Affies 8-1 en Grey PE 8-1. Grey moes egter die knie buig voor Paarl Boys High met 8-1, Pretoria Boys High met 4-5 asook Glenwood 3-5 en Paul Roos Gimnasium 0-6. Die wedstryd vir die seniors teen Selborne het uitgereën.



Janco Strauss is een van die staatmakers in die eerste tennisspan. Foto: Sinclair Duckitt

Die juniors verloor teen Paarl Boys High 4-5, Affies 4-5, Grey PE 4-5 en Paul Roos Gimnasium 0-6. Hulle wen wel teen Duineveld 9-0, Selborne 5-0 en Pretoria Boys High 7-2. (Tellings verkry vanaf Grey web-werf).

Daar word met groot afwagting uitgesien na 'n baie suksesvolle Grey-ABSA tennis-toernooi en die volgehoue ondersteuning van die toeskouers sal verseker bydra tot die motivering van die spelers.

**- Frans-Hendrik Badenhorst**

## UITSLAE

### Grey vs Paul Roos

**RUGBY**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | wen | 36-35 |
| Cherries | verloor | 19-20 |
| Derdespan | gelykop | 23-23 |
| Vierdespan | wen | 20-15 |
| Vyfdespan | wen | 12-6 |
| Sesdespan | wen | 26-3 |
| o/16 A | wen | 27-21 |
| o/16 B | wen | 15-5 |
| o/16 C | wen | 17-0 |
| o/15 A | wen | 20-16 |
| o/15 B | wen | 7-5 |
| o/15 C | verloor | 5-7 |
| o/14 A | wen | 21-7 |
| o/14 B | wen | 19-8 |
| o/14 C | wen | 17-15 |

**HOKKIE**

| | | |
|---|---|---|
| Eerstespan | verloor | 0-3 |
| Tweedespan | wen | 3-0 |
| Derdespan | verloor | 0-1 |
| o/16 A | verloor | 0-4 |
| o/16 B | wen | 1-0 |
| o/14 A | verloor | 1-4 |
| o/14 B | verloor | 0-3 |

# Puik hokkiespan verower Vrystaatbeker

Die afgelope hokkieseisoen het baie menings uitgelok, veral oor die eerstespan.

Tydens die hele seisoen (voorseisoen en Vrystaatbeker ingesluit), was die eerstespan 13 keer uit hul 23 wedstryde aan die wenkant. "Hokkiegewys het ons eintlik maar 'n swak jaar ervaar, vergeleke met vorige jare," sê Phil Boshoff, een van die span se lede.




Ruan Kleinhans, eerstespan-hokkiespeler. Foto: Henry Galloway

Die seisoen het egter beter geëindig toe die eerstespan die Vrystaatbeker op die Grey Astro verower het. Die Vrystaat word verdeel in vier streke waar hokkie gespeel word, verdeel en die wenner van elke streek ding dan om hierdie beker mee.

Tydens die uitspeel om hierdie beker het die eerstespan teen Witteberg Hoërskool, Kroonstad Hoërskool en St Dominics College van Welkom, meegeding. Die opponente is onderskeidelik met 8-0, 9-1 en 8-0 geklop.

"Ongelukkig is die standaard van hokkie in die Vrystaat, buite Bloemfontein, nie baie hoog nie." Hierdie mening van mnr. Dixie Dykman, die hoof van hokkie, asook die tellings, toon dat die eerstespan nie juis baie weerstand tydens die toernooi ervaar het nie.

Ten spyte van hierdie kwessies meen Phil: "Dit sal ideaal wees om die seisoen teen Paul Roos af te sluit, maar aangesien ons daar verloor het, was dit tog lekker om aan die Vrystaatbeker deel te neem."

Na die seisoen bly mnr. Dykman steeds positief en hy glo daar is hoop. Die volgende seisoen word ook met 'n duidelike plan benader soos mnr. Dykman sê: "Hokkie by Grey is steeds besig met 'n opwaartse kurwe. In 2012 sal daar groter fokus geplaas word op dissipline en toewyding aan die span. Ons leuse vir 2012 sê dit alles: 'All or nothing'."

Daar was ook ander hoogtepunte. Die puik oorwinning teen Selborne College in Oos-Londen, asook 'n gelykop-uitslag teen Maritzburg College toon dat top-hokkie wel gelewer kan word. Dit moet natuurlik net meer gereeld gebeur…

**- Pieterjan Eloff**

# Tafeltennisspelers druk stempel af

So kom nog 'n suksesvolle seisoen tot 'n einde en die tafeltennis gaan steeds van krag tot krag. Die eerstespan het reeds vroeg in die jaar tydens die jaarlikse tafeltennistoernooi, hul stempel afgedruk en gewys waarom hulle as een van die land se bestes beskou word.

Tydens hierdie toernooi het leerders ook die kans gehad om in klasverband aan 'n kompetisie vir die Grey-skoliere deel te neem, waartydens Graad 10E2 met die eerste prys weggestap het.

Die eerstespan het ses uit hul sewe interskole gewen. Hulle het ongelukkig teen Grey High vasgeval. Gedurende die jaarlikse skoleliga het die eerstespan met 'n eerste plek geseëvier en die tweedespan, wat vir die eerste keer in dieselfde liga as die eerstespan gespeel het, derde geeïndig. Daar is ook vyf senior spelers gekies om die Vrystaat tydens die SA kampioenskappe te verteenwoordig.

Grey Primêr het betrokke begin raak by tafeltennis, wat dui op 'n groei in belangstelling, maar spasie is onvoldoende vir al die spelers. Die nuwe bal masjien, wat tydens die 2011-seisoen aangekoop is, dien ook as motivering vir leerders om te begin tafeltennis speel en hulself te toets.

Daar word beoog om aan 'n wêreldrekord-kompetisie deel te neem. Die kompetisie behels hoeveel balle twee spelers per minuut kan slaan. Hierdie kompetisie vind plaas op die skool se verjaarsdag.

**- Jan Willem Ras**



MEDICLINIC
BLOEMFONTEIN

24-UUR NOODSENTRUM
0800 051 051


ONS NOODSPAN STAAN REG OM TE HELP IN ENIGE MEDIESE NOODGEVAL.

KUNDIGHEID WAT JY KAN VERTROU.

STABILIS S

# Gutsy effort results in unbeaten year

**The first rugby team proved that they can pull through against all odds.**




Against Glenwood the forwards laid the foundation for a solid victory. Photo: Supplied

How do you measure popularity when trying to decide just who South Africa's most liked school is? The answer is easy, just attend a Grey College First Team rugby match and the answer will be clear. Grey vs. Paul Roos can be just the proven example of another successful year of rugby.

Rugby is no place for funny business and experimenting at Grey, they stick to the traditional, winning "Grey way" the same way the teams have played for the last few years! It's clear that they still set the pace for secondary school sport, not only in the province, but nationally. Only four teams lost their games in Stellenbosch.

The first rugby team is the school's pride, giving everyone an indescribable feeling when the first 15 run onto the field for the start of the game. The entire stadium was packed for what could only be described as a clash of the titans. Predicting a result was near impossible. Meyer van Tonder scored the winning try in the last minutes of the game. The final score were 36 for Grey and 35 for Paul Roos.

Grey produced four rugby stars during 2011, namely Dries Swanepoel, Jan Serfontein, Ruwellyn Isbell, and Leneve Damens, adding to the already staggering number of SA Schools rugby players.

Grey rugby is about ultimate performance (not just winning) that won't let Grey as a school down. Plato once said, "You can discover more about a person in an hour of play than in a year's conversation". This is a fact, proven by hundreds of Grey-boys through the years. True courage is the ability to preserve in the face of a desire to quit.

**- Armand Pretorius**

# Never-say-die attitude characterises squash

The Top Schools squash tournament, held annually in Pietermaritzburg, took place during the second term.

It is one of the most prestigious events a squash player can attend during his school career and only the best school of each province is invited to attend. Grey qualified for the tournament by beating Saint Andrews' in a challenge match played at Grey College.

The first squash side was confident that they would do very well in the tournament. Sadly, just days before Top Schools, the number one ranked player of the team, Lawrence Kuhn, picked up an injury. He was therefore unable to attend the tournament and the side was definitely weakend. Nevertheless Grey went into the tournament confident and ready to win.

Grey's first opponent was Menlo Park, a school from Pretoria. Grey played extremely well and won 4-1. Next was the challenging and daunting task of Selborne, the previous year's winners. Grey's first side put up a valiant fight, but sadly lost 5-0. Selborne eventually went on to win Top Schools for the third time in a row. Grey's "never-say-die" attitude was evident in their next fixture, where they thrashed Hans Moore 4-1 in record time. This result insured the progression of Grey into the semi finals.

The semi's consisted of Grey College taking on Rondebosch, who have proven over the years to be a powerhouse in schools squash. It was a difficult match to call, but in the end Grey lost narrowly 3-2.

Lastly, competing for the third and fourth spots, Grey came up against Michaelhouse. It was a tough struggle, where unfortunately Michaelhouse emerged as victors, winning 3-2.

Jan-Louis Jansen van Vuuren, captain of the first squash team, had the following to say, "I am pleased with the team's overall behaviour on and off the court. I truly believe that the third spot was definitely within the team's grasp."

Ultimately the first squash team can feel satisfied with their performance in succeeding to overcome the obstacle of losing their number one player to injury. Grey left the tournament with their heads held high. The young first team promises to be around for another year.

**- Jason Long**

adidas
Official sponsor of Grey Rugby

Official sponsor of Grey Sport
Clover
It's all you need


BlackBerry Curve 8520 Smartphone
+BlackBerry Internet Service
+R135 Airtime Value PM
Includes BlackBerry Internet Service valued at R1416
Available from only
R175* PMX24
On Top Up 135
Per Minute Billing Only. *Terms & Conditions apply.
For full Terms & Conditions please visit vodacom.co.za . E&OE
3 Collins Road
Westdene
Bloemfontein
051-447 2000
vodacentre
vodacom